AKADEMIA
STUDENTENUUSBRIEF




## VERWELKOMINGSBRIEF

### VREESLOOS VROUWEES

*Deur dr. Desiree Muller: Studentesakebestuurder*

Ons vier, soos elke jaar, Vrouemaand. Dit is daarom vanselfsprekend dat die fokus juis op vroue val. Vroue moes lank veg om hulle plek op sosio-ekonomiese en ook politiese gebied te kan inneem. Alhoewel vroue die afgelope eeu reusespronge geneem het om gelyke geleenthede en behandeling te verkry, is daar in baie opsigte nog ŉ glasplafon vir vroue in die werksplek. Niemand sal egter verskil oor die sentrale en besonderse rol wat vroue in ons gesinne en die opvoeding van ons kinders speel nie.

In die tagtigerjare, toe ek ŉ student was, het vroueregte baie aandag geniet te midde van die ander groot saak op die agenda, naamlik Apartheid. Na 1994 beleef ons ŉ intense rasmalheid, waar ras die maatstaf geword het vir alle regte en voorregte. Ek sou myself as student moontlik kon beskryf het as ŉ feminis. Vroueregte en -bemagtiging was, en is, vir my ŉ saak van erns. Vandag staan ek egter uiters krities teenoor die feminisme as beweging. Dieselfde oorreaksie wat met rassekwessies onstaan het, het ook onder vroueregte-aktiviste en hulle aanhangers ontstaan. Vir vroue om hulle regmatige plek in die samelewing in te neem, moet mans as samelewingskategorie verkleineer word en geblameer word vir alles wat ooit in vroue en gesinne se lewens fout geloop het.

In plaas van die klem te lê op individuele bydraes en bevoegdhede, tel verteenwoordiging van vroue in bestuursposisies en poste wat voorheen vir mans gereserveer was, die meeste. Ons versteur die kulturele homeostase deur die oorwig in die guns van vroue te swaai. Wat my aanbetref is die aanstelling of verkiesing van vroue bloot op grond van geslag ŉ groter belediging as ooit. Natuurlik beteken dit nie dat daar nie steeds onvanpaste aanstellings van mans plaasvind nie, en sekere poste word steeds vir mans gereserveer. Wat dit wel inhou is dat ons daarop mag aandring dat ŉ bekwame persoon aangestel of verkies word in plaas van bloot ŉ onbekwame man.

Mans en vroue is geskep om mekaar aan te vul en albei is geskep na die beeld van God. Ons staan langs mekaar en vervul binne ons gesinne verskillende rolle in vervulling van Bybelse riglyne. Ook in die werksplek of op studenteleierstrukture bou ons saam aan projekte en drome, met ons unieke talente en geaardhede.

Vir Vrouemaand wil ek dus vra dat die fokus so effe moet skuif vanaf vroueregte na die ondersteuning van vroue en die viering van vroue wat ŉ verskil maak, hetsy dit in hulle gesinne, gemeenskappe of werksplek is. Neem jou inspirasie van vroue wat hard moes werk en uitmuntend moes presteer om hulle rolle te vervul. Vroue na wie jy kan kyk en weet dat hulle nie iewers gekom het omdat hulle iemand ken nie, ook nie omdat hulle op die regte tyd op die regte plek was nie, of bloot sogenaamde poppies is nie.



Daar is nog baie sulke vroue. Gee so ŉ vrou erkenning gedurende Vrouemaand. Bedank jou ma vir die wonderlike opvoedingstaak wat sy ernstig opgeneem het. Skryf ŉ e-pos aan ŉ vrou wie se deursettingsvermoë onder bitter moeilike omstandighede jou inspireer. Doen dieselfde vir ŉ manspersoon wat ooglopend probeer om vroue se lewens te verryk; iemand soos jou pa, of dalk ŉ vriend of kollega.

**FONTIES MAAK VROUEMAAND 'N VIERING VAN VREESLOOS VROUWEES.**

Vriendelike groete
**Dr. Desiree Muller**

## VROUEMAAND



### VROUEOGGEND

Kyk uit vir inligting rakende Akademia se vroue-oggendfunksie op 28 Augustus. Die tema? Onbreekbaar.



### INSPIRERENDE VROUENS DEUR DIE EEUE

Om 'n korterige artikel te skryf oor inspirerende vroue is noodwendig om die onderwerp 'n onreg aan te doen. Nogtans het ons dit goedgedink om 'n paar minder-bekende vroue se stories uit te lig. Van die antieke tot die moderne en die kontemporêre tydperke is hier drie vroue wat baanbrekers, medelyers, denkers en doeners was (en een wat steeds is).

Lees hier meer

## STUDENTESAKE



### SR-VERKIESING

Die SR-verkiesing is om die draai, maar nie almal verstaan die proses nie. Hierdie artikel, deur SR-ondervoorsitter May-li Swanepoel, behoort jou kwessies rondom die verkiesing (minstens diée van die SR) op te klaar.

Lees hier meer



### SR-KALENDER

Is ons al in die tweede semester? Die tyd hardloop weg met mens! Haal jou kalender uit en merk hierdie datums om op datum te bly. (Ons is almal pootuit vir hierdie frase, maar dit moet gesê word: hierdie geleenthede kan verander as gevolg van Covid-19, berei jouself dus daarop voor.)


Lees hier meer



### SPAAR: 'n Uitdaging vir almal

Julie was Spaarmaand en 'n uitdaging vir almal. Twee studente en Spaarmaanddeelnemers skryf oor die belewenisse en lesse wat uit hierdie uitdaging voortgespruit het.

Lees meer hier



### TAALDAG

Afrikaners, en Akademia nie minste onder hulle nie, vier die 14de Augustus Afrikaanse Taaldag. Neem gerus deel aan die Taaldag-vasvra wat die 13de plaasvind, en hou jou sosiale media dop vir uitdagings vanaf die SR. Let ook op dat die digkunsinskrywings vir die Akademia-Digbundel die 30ste Augustus open (sien die SR-kalender vir meer inligting).



### FRANCO PRINSLOO BEKOOR

Akademia vier die aanstelling van bekende koordirigent, Franco Prinsloo, onder wie se leiding die instelling se eerste koor gestig gaan word.

Klik hier om sy bekendstellingsvideo te kyk.

## VANGNET: STUDENTE-ONDERSTEUNING




## ANDER STUDENTESTUKKE



### SKOP DIE SEMESTER REG AF

Die nuwe semester het aangebreek, en as jy hoegenaamd soos ek is, is dit jou jaarlikse geleentheid om jouself te oortuig dat jy baie georganiseerd is. Vat dit hierdie semester 'n stappie verder deur hierdie unieke, omvattende studiegids te bekyk.

Lees hier meer



### LEIERSKAP – 'n Nuwe baadjie

'n Leier is enigiemand wat ander se denke en gedrag beïnvloed. Jou aksies het die mag om ander te beïnvloed – maar wat doen jy met hierdie mag? May-li Swanepoel, self 'n uitstekende leier, verduidelik aan die hand van leierskapstyle die belang van goeie leierskap en gepaste toepassing daarvan.

Lees hier meer



### SKRYWERSBLAD

Welkom by die studenteskrywersblad, waarin die redaksiespan ŉ versameling prosa en poësie wat deur Akademiastudente geskryf is, uitstal. In hierdie uitgawe lees ons 'n meningstuk deur Marisha Hermann oor die deel van kos en laste.

Klik hier om die artikel te lees.
Indien jy jou skryfwerk wil deel, stuur dit aan ons redaktrise by abia@akademia.ac.za.

### LEER DIE DEKANE KEN: DEEL TWEE

Wie is die dekane agter die titels en grade? Marizaan Koekemoer het onderhoude gevoer om dit uit te vind. In hierdie uitgawe: prof. Hannes Rautenbach (Fakulteit Natuurwetenskappe) en prof. Pieter Duvenage.

LEES HIER MEER





## STUDENTERESEPTE

Klik hier om kennis te maak met 'n lekker, vinnige en voedsame variasie van Tweeminuutnoedels.